# DIE TEKEN VAN ZEGARYAH

Sag 2:5 En Ek sal vir hom wees, sê Yahweh, 'n vurige muur rondom en tot voortreflikheid binne-in – vgl. met Opb 21:23 En die stad het die son of die maan nie nodig om op haar te skyn nie, want die voortreflikheid van Elohiem het haar verlig.

**YAHWEH SE VOLK** **YAHWEH SE KNEG** **ONS VRAE**

Sag 2:10 Jubel, en wees bly o dogter van Tsion! Want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, sê Yahweh (Sing out loud and be happy, because you will see Me coming and I will live among you).

**MY ERFDEEL**

Sag 2:11 En baie nasies sal hulle in daardie dag by Yahweh aansluit en hulle sal My tot 'n volk wees; en Ek sal in jou midde woon (Many nations will be joined to Yahweh in that day and will become My people. I will live among you). Dan sal jy weet dat Yahweh van die leërskare my na jou gestuur het.



Sag 2:12 En Yahweh sal besit neem van Yehudah as sy erfdeel op die afgesonderde grond en Yerushalayiem weer verkies (Yahweh will claim Yehudah as his own in the land that He calls his own and will again choose Yerushalayim).

Sag 2:13 **SWYG** alle vlees voor Yahweh! Want Hy verhef Hom uit sy afgesonderde woning (Be silent before Yahweh, all humanity, for he is springing into action from his set-apart dwelling).

Sag 3:1-2 Daarna het Hy my Yahushua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Boodskapper van Yahweh staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te kla. Toe sê Yahweh aan die Satan: Mag Yahweh jou bestraf, o Satan! ... Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? (Isn't this man like a burning log snatched from a fire?)

Sag 3:4 Daarna het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: **KYK**, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.

Sag 3:7 So sê Yahweh van die leërskare: As jy in my weë wandel en as jy my verordening onderhou, dan sal jy my huis bestuur sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan.

**MY KNEG**

Sag 3:8 **LUISTER** tog, o Yahushua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit - ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom!

Sag 3:9 Want kyk, die steen wat Ek voor Yahushua neergelê het - op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, sê Yahweh van die leërskare, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg ("You will see the stone I set before Yehoshua: on it are seven eyes, on it I will engrave ***a special word***, and in a single day I will purge guilt from the land")



Sag 4:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar ?????, volledig van goud ?????, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe ????? lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.

Sag 4:3 Ook twee ????? olyfbome ????? langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.

**MY GEES**

Sag 4:4 Daarna het ek begin praat, deur aan die boodskapper wat met my gepraat het, te **VRA** Wat beteken dit?

Sag 4:5 En die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my meester.

Sag 4:6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van Yahweh aan Zerubbavel, naamlik: **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê Yahweh van die leërskare.**

Sag 4:14 En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Meester van die hele aarde staan – vgl. met Opb 11:4 Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die Meester van die aarde staan.